NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 30 - 2018 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES



NUUS VAN ONS SINODE

13 Mei Moedersdag deurkollekte vir Catherine Robson Kinderhuis Vereeniging

Ons Herinner julle vriendelik aan die spesiale deurkollekte wat ons elke jaar met Moedersdag **(13 Mei)** opneem vir ons sinode se Familie-fonds. Verlede jaar het ons een van ons ouetehuise gehelp. Hierdie jaar fokus ons op ons kinderhuis in Vereeniging, wat 'n drastiese opknapping benodig. Ons sal deur die loop van die week vir julle 'n **kort video** stuur, wat julle tydens Moedersdag kan vertoon as julle wil. Die deurkollekte is heeltemal vrywillig, maar julle hulp sal die lewens van 'n hele klompie kinders dramaties verander.

Sinode 31 Oktober 2018

Die Sinode van Goudveld sit hierdie jaar op **31 Oktober** te Tetelestai in Helikonpark, Randfontein, die Tuiste van die Sinode.

Huweliksnaweek vir leraarspare

Hierdie kursus word al 10 jaar aangebied as bediening van Wilgespruit en nou word leraarspare uitgenooi **17-19 Augustus 2018**. Daar is 12 kamers (eie badkamers) beskikbaar by De Witte Duif Gasteplaas naby Koster. Die ontwerp gee baie privaatheid deurdat gesprekke uitsluitlik geskied tussen die man en vrou self, met geen druk vir openbaarmaking nie. Koste is R1,400 per egpaar (verblyf, etes en materiaal ingesluit). Egpare kan anoniem vra vir 50% subsidie deur Predikantebediening. Skakel Kerkkantoor Wilgespruit 0117642000.

1 Leraars kry 15 VBO punte vir die naweek
2 Daar is nog net 6 plekke beskikbaar

NUUS VAN DIE ALGEMENE SINODE

Dis Tyd om te Sing!



Kore, sanggroepe en koorlede, lees hier!

Die opwinding oor "Dis Tyd om te Sing" is groot! Tog is daar vrae of individuele lidmate en voorsangers mag deelneem, hoe kaartjieverkope werk, of skoolkore ook kwalifiseer, wat koorlede moet betaal om deel te neem en meer. Faani Engelbrecht skryf: "Gemeentes uit ander provinsies is meer as welkom om in die Kaap aan die fees te kom deelneem.

Dit was egter van die eerste dag af die plan om hierdie fees nie net in die Wes-Kaap aan te bied nie. Min mense sal besef dat een van die grootste uitgawes van die dag is om die musiek te verwerk vir 'n simfonie-orkes. Daardie werk is nou gedoen en die bladmusiek behoort aan ons! Ander sinodale areas wat belangstel om 'n eie #Dis Tyd Om Te Sing aan te bied kan Bybel-Media Musiek gerus kontak. Ons sal koördineerders in ander provinsies nodig hê!"

Lees hier verder alles wat jy oor hierdie opwindende projek moet weet. Onthou om voor **17 Mei** te registreer.

Liturgiese Voorstelle en Formuliere benodig

Daar behoort altyd 'n kreatiewe spanning tussen wortels en vlerke (betroubare weë en nuwe moontlikhede) te wees – ook in oorgangstye. Die NG Kerk bevind haarself midde in 'n gekose kultuurskuif na 'n missionale kerk. 'n Ryke verskeidenheid gebede, belydenisse, simbole, rituele, formuliere en ander liturgiese elemente is in omloop. Die Algemene Sinode se taakspan vir Missionale Kerk-wees - Erediens en Liturgie, onderneem om 'n dokument getiteld, "Liturgiese Voorstelle vir 'n Missionale Kerk" saam te stel, om in eredienste te benut.

Die formaat vir "Liturgiese Voorstelle vir 'n Missionale Kerk" is:

* Vier bewegings in die Erediens
  - God versamel ons
  - Diens van die Woord
  - Diens van die Tafel
  - Uitsending
* Inleidend tot elke beweging
  - Wat behoort 'n missionale gemeente AF te leer?
  - Wat behoort 'n missionale gemeente AAN te leer?

Versoek: Stuur asseblief bydraes van liturgiese voorstelle en formuliere wat in missionale eredienste benut kan word teen **31 Julie 2018** na: Suzanne van der Merwe by suzannekleynhans@gmail.com

Bydraes sal deur die samestellers (Barnard Steyn, Suzanne van der Merwe, Dieter de Bruin en Tertius Erasmus) oorweeg en bygewerk word. (met dank aan Grenspos)

KURSUSSE EN SEMINARE

Die Digitale Impak Op Kinders En Jongmense – Pastorale Riglyne

Pastorale Beradingskursus - Saterdag 19 Mei 2018 te Potchefstroom

Prof Wentzel Coetzer

Die ontwikkeling van die Internet en die positiewe bydrae wat dit kan lewer op verskillende terreine is fenomenaal – tog is die moontlike negatiewe invloed ook oorweldigend. Dit kan olie op die vuur wees van reeds bestaande verslawings of verkeerde lewenstyl keuses en sodoende ontwikkel tot 'n vernietigende invloed met dieselfde krag as 'n Tsunami.

Die fokus van hierdie kursus is op ontwikkelings rondom die sogenaamde 'digital invasion' die afgelope aantal jare asook die geweldige impak op die denke en algemene benadering van talle kinders en jongmense. Daar word onder andere ook gelet op die twee duidelik onderskeibare groepe, naamlik digitale inboorlinge vs digitale immigrante (digital natives vs immigrants) 'n Aantal probleem areas en slaggate word uitgewys, tesame met verskeie praktiese en pastorale riglyne.

Plek: Studente Hervormde Kerk – Silwer str 19, Potch (net langs klein kragstasie)

Datum: Saterdag 19 Mei 2018 - Tyd: 08.00 – 13.00

Akkreditering: 5x VBO punte – asook 4x CPSC punte

Koste: R250 pp (egpare: R350; studente: R150)

Navrae: 0836600409 of 0825778810 of e-pos: wentzelc@gmail.com

Studietoer na die VSA met prof Malan Nel

Prof Malan Nel lei later vanjaar die 12de studietoer oor missionale gemeentebou en jeugbediening na die VSA vanaf 26 Oktober – 21 November 2018.

Kan ons iets by gemeentes in die VSA leer? Ek antwoord hierdie vraag sedert 1986 toe die eerste studietoer met 49 predikante begin het. Na oorlegpleging met kollegas wat al saam met my op toer was, gaan ek probeer vir nommer 12. Dit is DV. beslis my laaste een wat ek self lei.

Hierdie kennisgewing, is om jou genoeg tyd te gee om te spaar en jou studieverlof te beplan. Ek is oortuig dat dit een van die rykste ervarings van jou bediening kan wees - soos vir die ongeveer 200 (+) pastors wat al op so 'n studietoer was. Oorweeg jy om saam te gaan? Hier is die besonderhede.

INTERESSANTE ARTIKELS

Die sterwe van die kerk (vervolg

In 'n insiggewende reeks bydraes bes preek Todd Dildine die sterwe van hoofstroomkerke in die VSA. Hy verduidelik waarom sosiale oorsake (spesifiek die disintegrasie van die gemeenskap) die kerk saam die afgrond intrek. Wat kerke moet doen, is om weer gemeenskap te bou en die vesel van die samelewing te versterk. Hy wys op die afbrekende impak van die motor, die uitleg van woonbuurte en die koms van die digitale skerm.

Om agter die kap van die byl te kom, moet mens sy oorspronklike bydraes lees. Dit is eenvoudig en toeganklik geskryf. Hy bring insigte uit die sosiale wetenskappe in vier bydraes in verband met die lewe van die kerk.

Sy eerste twee plasings is reeds aanlyn beskikbaar – hier is die eerste plasing, en hierdie tweede. Sedertdien is die derde bydrae ook beskikbaar. Sy vierde bydrae volg hopelik eersdaags. (met dank aan Grenspos)

Onderhoud met die skrywer van "Open to the Spirit"

Uit die pen van prof Scot McKnight kom 'n baie bevatlike boek, Open to the Spirit, waarin hy op voetspoor van die Bybel oor die persoon en werk van die Heilige Gees praat.

McKnight kom uit 'n kerklike tradisie wat geslote is teenoor die Gees, vir wie die Gees die vergete Heilige Gees is. Dalk kan van ons met hom identifiseer. Teoloog Ed Stetzer het met McKnight 'n lesenswaardige onderhoud oor die boek gevoer. (met dank aan Grenspos)

Post-Truth trends

In what Barna calls "an erosion of the sacred," Americans find it harder to trust authorities for guidance, including God. But in a society plagued by skepticism, "fake news," and distrust, where can people turn for comfort and direction?

David Kinnaman, president of the Barna Group, details these trends in a short video, offers hope in the midst of uncertainty, and explains how Christians can provide a hopeful presence for a culture that is floundering. Kinnaman's contribution is part of a bigger discussion on listening (or the lack thereof, accessible here. (met dank aan Grenspos)

Kunsmatige Intelligensie



In die afgelope paar maande was die onderwerp van Kunsmatige Intelligensie weer in die nuus. Robotte met emosionele intelligensie het die lewe gesien. Daar word ook gepraat van motors wat hulself kan bestuur!

Die vraag is: Hoe moet gelowiges oor dit alles dink?

Klik hier vir 'n dokument wat deur e-Kerk versprei is, dit werp meer lig op hierdie onderwerp en dien as 'n handige gids om byderhand te hou. (Mer erkenning aan die e-Kerk Vereniging, asook prof Mynhardt van Pletsen, die skrywer) (Met dank aan Vrypos)

NUUSBROKKIES

Verslag oor transformasie in die landbou

Agri SA het pas hul transformasieverslag bekendgestel. Met grond so 'n sentrale tema in ons publieke diskoers, is dit merkwaardig om te lees wat reeds bereik is.

Agri SA se lede het R331 miljoen op transformasie in die 2016/17 boekjaar spandeer en daardeur 108 307 begunstigdes geraak, waarvan meer as 55 000 nuwe boere is. Die 2018 Agri SA Transformasieverslag sluit in die verskeie projekte waarby bedryfslede, provinsies en korporatiewe lede by betrokke was. Die opname verslag en bykomende navorsing het ook die geleentheid gegee om krities die uitdagings tot transformasie te identifiseer, waarvan 'n tekort aan kapitaal heel bo aan die lys is.

Die 2018 Agri SA Transformasieverslag is die eerste gekonsolideerde verslag oor transformasie in landbou.

Agri SA se Transformasieverslag het ten doel om transformasie binne landbou te bevorder. Dit word gedoen deur beste praktyke, geleenthede vir verdere groei en oplossings vir ontwikkelings-uitdagings te identifiseer. Die opname onder ontwikkelingsprogramme vir boere rus Agri SA toe om die regering en ander belanghebbers pro-aktief oor die werk wat gedoen is en die uitdagings wat bestaan op te dateer. Die verslag is 'n erkenning van die suksesse wat deur vennootskappe bereik kan word.Die volle verslag is op die Agri SA webtuiste beskikbaar. Google is jou vriend. (met dank aan Grenspos)

PINKSTER 2018

Nasionale gebedsinisiatief met riglyne vir Pinkster 2018

Pierre van Wyk skryf: Kom, Heilige Gees! Tien dae van gebed voor Pinkster 10 – 20 Mei 2018. Kom, Heilige Gees is 'n nasionale gebedsinisiatief met die oog op Pinkster en gebruik die "Onse Vader" as gebedsriglyn. Die riglyne is kort en bondig en kan maklik en op verskillende maniere gebruik word. Kry die volledige inligting hier. Vir navrae kontak Pierre van Wyk, 0833703592. (met dank aan Grenspos)

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant, preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wesrand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - sel: 082 475 2740 - Zeerust
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom
- dr Theo Marais: Aflos, preekbeurte - theo@constantiakruin.co.za - 082 5700 769 - Wesrand
- Stanus Cloete: Afloswerk en preke - stanus@agosolf.co.za - 082 887 9600 - Randburg.
- prop Bernice Baard: Afloswerk en preke - 082 372 9339 - bernice1.baard1@gmail.com - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---



INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS